

STUDY UNIT 6

Question 2 pg 162

This question deals with the necessity of having to stop or prohibit a specific action. In this question you are asked which remedy is applicable to the set of facts and to discuss the remedy with reference to its requirements. The question deals with the interdict.

In principle an interdict is a summary court order applied for on an urgent basis to force a person to do something (mandatory interdict) or to refrain from doing something (a prohibitory interdict). (1) It is a speedy remedy used when rights have been infringed or are about to be infringed. (1) In this question the prohibitory interdict is applicable because X is forced to stop or refrain from doing something.

The requirements for an interdict were set out in *Setlogelo v Setlogelo*. (1)

The requirements are :

- ⓐ a clear right (1) (please take note that the requirement is a **clear** right – not a real right or ownership – *Setlogelo* illustrates the point);
- ⓐ actual or reasonably apprehended violation of a right; (1) and
- ⓐ the absence of similar protection by any other ordinary remedy. (1)

(Study unit 6 pg 161)

Question 2 pg 165

PLEASE TAKE NOTE THAT THE QUESTION INCORRECTLY ASKS WHETHER Z WOULD SUCCEED. IT SHOULD READ “WILL S SUCCEED”!!

This question requires an indication of the applicable remedy, the requirements for a successful reliance on the remedy and whether S will succeed.

The leading case here is *Clifford v Farinha* (1988 (4) SA 315 (W)).

To succeed with this action the applicant must prove:

- ⊗ ownership (1) or retention of a lawful interest ($\frac{1}{2}$) from the date of the theft to the date of institution of the action; ($\frac{1}{2}$)
- ⊗ theft (1) or removal of the thing with deceitful intent; (1)
- ⊗ if the action is not instituted against the thief or deceitful remover, that the defendant is the heir of the former. (1)

With regards to the question whether S will succeed you must refer to the case of *Clifford v Farinha*. (1) The court in similar circumstances to the question extended the operation of this action to a person with a lawful interest in the thing (S) and against the person (Z) who removed the thing – in this case the car with a deceitful intention. (1) Therefore, S should succeed with the action against Z. (1)

(Study unit 6 pg 164)

STUDY UNIT 7

Question 4 pg 180

Study unit 7 deals with co-ownership.

In this question you are asked to discuss the remedies available to X with reference to case law. The facts of the question indicate that we are dealing with co-ownership and the applicable remedy is the interdict.

The facts of the question are similar to the facts in *Pretorius v Nefdt and Glas*. (1) In this case Pretorius, (X) applied for an interdict, firstly to force Glas (Y) to revoke his permission to Nefdt (Z) and secondly to discontinue his activities regarding the transport of lime. (½)

The court decided that the permission given by Glas (Y) to Nefdt (Z) was a clear infringement of Pretorius's (X) rights (1) and that the permission placed an intolerable burden on Pretorius (X). (1) The interdict against Glas (Y) was successful. (1) X will probably be successful with an interdict to force Y to revoke his permission to Z. (1) Should X revoke his permission to Z. Z can no longer use the road over the farm.

Secondly, Pretorius (X) wanted to prevent Glas (Y) from transporting Nefdt's (Z) lime over the farm. The court stated that there is no authority on which on can rely to decide that a co-owner's use of the road is limited to the purpose of the farm over which the road traverses. (1) Therefore, Pretorius (X) is not successful with this application for a interdict. (1) X's application for an interdict will probably not be successful either. (1)

STUDIE-EENHEID 6

Vraag 2 bl 162

Hierdie vraag handel oor die noodsaaklikheid om 'n sekere aksie te stop of te verbied. In hierdie vraag word van u verwag om aan te dui watter remedie van toepassing is op die feitestel en om die remedie te bespreek met verwysing na die vereistes daarvan. Hierdie vraag handel oor die interdik.

In beginsel is 'n interdik 'n summiere hofbevel waarvoor daar op 'n dringende basis aansoek gedoen word om 'n persoon te dwing om iets te doen ('n verpligtende interdik) of om iets nie te doen nie ('n verbiedende interdik). (1) Dit is 'n spoedeisende remedie in gevalle waar regte geskend word of op die punt staan om geskend te word. (1) In hierdie vraag is die verbiedende interdik van toepassing omdat X gedwing word om op te hou met 'n sekere aktiwiteit.

Die vereistes vir 'n interdik is in *Setlogelo v Setlogelo* (1) uiteengesit.

Die vereistes is :

- ⊗ 'n duidelike reg (1) (neem asseblief kennis dat hierdie vereiste 'n **duidelike** reg is – nie 'n saaklike reg of eiendomsreg nie - *Setlogelo* illustreer hierdie punt);
- ⊗ daadwerklike of redelikerwys verwagte skending van 'n reg; (1) en
- ⊗ en die afwesigheid van soortgelyke beskerming deur enige ander gewone remedie. (1)

(Studie-eenheid 6 bl 161-162)

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE VRAAG VERKEERDELIK VRA OF Z SAL SLAAG. DIE VRAAG MOET LUI “SAL S SLAAG”!!

Hierdie vraag vereis ‘n aanduiding van die toepaslike aksie, die vereistes vir ‘n suksesvolle beroep op die remedie en of S sal slaag.

Die toonaangewende saak hier is *Clifford v Farinha* (1988 (4) SA 315 (W)).

Om met hierdie aksie te slaag moet die applikant die volgende bewys:

- Ⓧ eiendomsreg (1) of behoud van ‘n regmatige belang ($\frac{1}{2}$) vanaf die datum van die diefstal tot op die datum waarop die aksie ingestel word; ($\frac{1}{2}$)
- Ⓧ diefstal (1) of verwydering van die saak met bedrieglike oogmerke; (1)
- Ⓧ indien die aksie nie teen die dief of bedrieglike verwyderaar ingestel word nie, dat die verweerder die erfgenaam is van eersgenoemde. (1)

Met verwysing na die vraag of S sal slaag of nie moet u na die *Clifford v Farinha* (1) saak verwys. In hierdie saak het die hof onder soortgelyke omstandighede as die vraag, die werking van die aksie na persone met ‘n regmatige belang in die saak (S) (1) uitgebrei en teen die persoon (Z) wat die saak – in hierdie geval die motor met bedrieglike oogmerke (1) verwyder het. Gevolglik moet S met hierdie aksie teen Z slaag. (1)

(Studie-eenheid 6 bl 164-165)

STUDIE EENHEID 7

Vraag 4 bl 180-181

Studie-eenheid 7 handel oor mede-eiendomsreg.

In hierdie vraag word u gevra om die remedies wat beskikbaar is vir X met verwysing na regspraak te bespreek. Die feite van die vraag dui daarop dat ons hier te doen het met mede-eiendomsreg en die toepaslike remedie is die interdik.

Die feite in hierdie vraag is soortgelyk aan die feite in *Pretorius v Nefdt and Glas*. (1) In hierdie saak het Pretorius, (X) aansoek gedoen vir 'n interdik, eerstens om Glas (Y) te dwing om sy toestemming aan Nefdt (Z) terug te trek ($\frac{1}{2}$) en tweedens om sy aktiwiteite ten opsigte van die vervoer van die kalk te staak. ($\frac{1}{2}$)

Die hof beslis dat Glas (Y) se toestemming aan Nefdt (Z) 'n duidelike skending van Pretorius (X) se regte is (1) en dat die toestemming 'n ondraaglike las op Pretorius (X) plaas. (1) Die interdik teen Glas (Y) slaag hier. (1) X sal dus waarskynlik suksesvol wees met 'n interdik om Y te dwing om sy toestemming aan Z terug te trek. (1) Indien X dan sy toestemming aan Z terug trek, kan Z nie die pad oor die plaas gebruik nie.

Tweedens, wil Pretorius (X) voorkom dat Glas (Y) Nefdt (Z) se kalk oor die plaas vervoer. Die hof sê dat daar geen gesag is waarop gesteun kan word om te beslis dat 'n mede-eienaar se gebruik van 'n pad beperk is tot die doel van die plaas waarop die pad geleë is nie. (1) Dus slaag Pretorius (X) nie met hierdie aansoek vir 'n interdik nie. (1) Dus sal X se aansoek vir 'n interdik waarskynlik ook nie slaag nie. (1)